# KERK ruik na JESUS

## Ruik...

**Jesus ruik na kerk. Vandag se tema handel oor ons deel wees van die kerk en die manier waarop God in sy groot wysheid 'n diversiteit mense in Stellenberg gemeente bymekaarbring.**

## Lees

**Lees 2 Korintiërs 5:14-21 saam.**

## Gesels

Terwyl ons in God glo, bely ons ter selfde tyd ook ons geloof in 'n heilige, algemene, Christelike kerk. Wat beteken hierdie belydenis en hoe praat die Here in hierdie lydenstyd met ons oor ons deel wees van die kerk?

- Wat sou dit beteken dat ons nie meer volgens 2 Kor. 5:16 mense na die uiterlike beoordeel nie en deel is van 'n "nuwe skepping" (2 Kor. 5:17)?
- Wat is die bediening van versoening waartoe die Here ons oproep? Hoe het Jesus dit vir ons kom demonstreer?

## Kyk

STELLENBERG
GEMEENTE
*Oor grense heen*

# KERK ruik na JESUS

**Kyk saam na ons nuwe gemeente embleem en die lees weer die Stellenberg belydenis wat in woorde daaraan uitdrukking gee.**

Ons **GLO** Jesus, ons Verlosser, leef . . .

- in die een God: Vader, Seun en Heilige Gees;
- in Christus, wat deur die geloof en in genade ons Verlosser is;
- in die Bybel: die Woord van God in mensetaal;
- in die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

Ons **STREEF** om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik . . .

- na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille;
- na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap;
- na alle mense in ons land, asook wêreldwyd;
- na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

Ons **LEEF** as getuies en volgelinge van Christus . . .

- nader aan God;
- nader aan mekaar;
- om ’n verskil in die wêreld te maak;
- om voortdurend te vernuwe in ’n veranderende wêreld.

- Wat sou dit beteken dat ons in die gemeente daarna streef om 'n diversiteit van mense omarm en 'n inklusief na mekaar en die wêreld uit te reik? Wat is tans die uitdagings om aan hierdie roeping gestalte te gee? Kan julle dalk spesifieke kwessies identifiseer?
- Hoe praat Jesus se lyding met ons om die uitdagings daarvan te oorbrug?

## Wandel

- Verskille tussen mense skep dikwels 'n gevoel van vreemdheid wat tot maklik tot spanning en konflik aanleiding kan gee. Die Here het egter baie spesifiek in sy groot wysheid gekies om 'n diverse groep mense in een kerk saam te bring. Hoe kan ons meer prakties die gawe van kerk in ons eie gemeente ontsluit?

## Bid

Deel julle gebedsversoeke met mekaar. Bid vir mekaar.
Julle kan ook die volgende gebed saambid:

Help ons almal elke dag, Here, ons genadige God, om met soveel goedhartigheid, soveel deernis te lewe teenoor die lede van u liggaam op aarde; met soveel
opofferende liefde teenoor ál ons naastes, dat U, die Hoof van die kerk, tog nooit rede sal hê nie om vir een van ons te sê: "Dit is my liggaam, wat deur julle gebreek is". Amen